21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Die gebed van Psalm 139

## Psalm 139

*Om God te dien is nie maklik nie. Om God te dien bring jou in konflik met die heersende waardes en maniere van doen. Dit maak dat jy dikwels moet sê: "Ek stem nie saam nie." Of: "Ek dink anders hieroor".*

*Dit beteken dat jy by baie plekke nie inpas nie en in baie gesprekke ontuis voel. Dit stel jou voor moeilike keuses en vra van jou 'n prys. Soms bereik jy 'n punt waar jy dit nie eer kan of wil volhou nie.*

*Psalm 139 is by so 'n punt geskryf. Die digter protesteer by die Here. Hy vra die Here om bietjie weg te staan sodat hy net 'n slag kan asem skep (v5). Hy vra God waarheen hy kan vlug om net 'n slag te kan ontspan sonder om so "godsdienstig" te moet optree (v7).*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte.*

*God laat hom toe om sy sê te sê, en dan gee Hy aan die psalmis 'n belangrike insig: Ek het jou wonderlik en uniek gemaak (v14) - om te sprankel, nie om in te "blend" nie.*
*(Bybel 24/7)*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Gebede

# Die gebed van Ps 139

Hoe deeglik ken God ons?

Wat doen God spesifiek vir ons in v1-3?

Wat is die kontras van God se optrede in v5 teenoor ons eie optrede in v1-3?

Waarom is hierdie kennis van die konstante tteenwoordigheid van God moeilik om te verstaan?

Hoe moet ons bewustheid en erkenning van die wonder van die skepping deur God se hand (v14-15) in ons daaglikse lewe vertaal word?

As ons hierdie verse in konteks beskou, wat kan daartoe lei dat EK so belangstel in SY gedagtes? (v17-18)

Wat is Dawid se laaste beroep op God om seker te maak dat hy lewe soos God wil hê my moet? (v23-24)

Quellerina Gemeente